Was die wegraping was ‘n werklikheid?

Julle wonder seker wat van al die mense geword het wat skielik nie meer hier is nie. Die waarheid staan al vir eeue in die Bybel opgeteken. Die mense wat nie meer hier is nie, is weggeraap Hemel toe. Op hierdie oomblik is hulle by God en ontvang hulle die beloning vir al die werk wat hulle vir Hom op aarde gedoen het. Ek weet dat daar van julle gaan wees wat skepties gaan wees, daarom gaan ek dit vir julle bewys.

In Johannes 14:2-3 sê Jesus: *"[2] In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. [3] En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."*

Miskien het u al voorheen van wegraping gehoor of miskien is dit die eerste keer dat u daarvan hoor. Die gebeurtenis word in die Bybel beskryf!

1 Tessalonisense 4:16-17 staan: *"[16] Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [17] Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."*

Hoe dit ook al sy, die tyd is daar dat u moet besef dat die Bybel waar is en dat u uself nou in die Sewe jaar Verdrukking bevind. So wat nou gemaak? Is dit te laat vir my? Nee, glad nie. Die HERE is nog steeds baie lief vir jou en Hy wil nie hê dat jy verlore moet gaan nie. Ongelukkig was jy nie gereed toe Hy gekom het om Sy kinders te kom haal nie en daarom het jy agtergebly. Maar dis glad nie te laat vir jou nie.

Die HERE waarsku ons al eeue lank in Sy Woord dat hierdie dinge gaan gebeur. In 2 Timoteus 3:1-5 lees ons: *"[1] Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. [2] Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, [3] sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, [4] verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; [5] mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af."*

Klink hierdie dinge bekend? Dis hoe die mense op aarde gelewe het voor die wegraping: geldgierig, grootpraterig, trots, lasteraars, kwaadsprekers, Ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder liefde vir hulle naaste, bandeloos, wreed, roekeloos en verwaand, om net ‘n paar te noem en ons almal weet dit! Nou het die HERE maar net vir die wêreld gegee wat dit nog altyd wou hê. 'n Wêreld sonder God en daardie knaende Christene wat altyd almal se pret wil bederf.

Hierdie tydperk waarin jou nou is, word in die Bybel die Verdrukking genoem. Net soos die vloed in Noag se tyd, gaan hierdie ‘n tyd van reiniging wees en om goed van kwaad te onderskei. U gaan weer ‘n keuse moet uitoefen: om God te dien of om die Wêreld te dien.

Julle wat hierdie lees moet besef dat jy gemaak is volgens God se beeld. Jy is SYNE en op die aarde geplaas om een doel en dit is om Hom te leer ken en om Sy Wil uit te leef. Jou doel is nie om te sorg vir ‘n *top-notch* werk en om skatryk te word nie. Jy is ‘n gesant van die Lewende God! Om teen hierdie dinge in opstand te kom is soos vir die klei om vir die pottebakker te wil voorskryf wat hy daarmee moet maak!

Dis hierdie dinge wat gesorg het dat jy nie gereed was nie en daarom nou deur hierdie tydperk van reiniging te gaan en aan God te bewys dat jy Hom as Leidsman oor jou lewe aanvaar!

Die HERE is nie kwaad vir jou nie en Hy is ook nie teleurgestel in jou nie. Hy is so oneindig baie lief vir jou en daarom gee Hy jou nou nog ‘n kans om dinge met Hom reg te maak. Moenie hierdie kans verbrou nie!

Ek het ‘n gedeelte aan hierdie boodskap geheg het met die titel HOE KAN EK GERED WORD. Dit sal aan u alles verduidelik wat u moet doen en u ook bewyse gee hoe lief die HERE u werklik het.

Wat gaan nou gebeur?

Kort na hierdie gebeure gaan daar 'n wêreld leier opstaan wat die wêreld gaan herenig. 'n Een wêreld mag gaan op die been gebring word wat die werk van die polisie, justisie en weermag gaan oorneem. 'n Een wêreld geld stelsel gaan kort daarna volg. Aparte lande gaan daar nie meer wees nie, want die wêreld gaan opgedeel word in tien streke elk met 'n verteenwoordiger in beheer. Hierdie wêreld leier gaan 'n vrede verdrag met Israel sluit vir sewe jaar, maar in die middel van die sewe jaar, na die eerste drie-en-‘n-halwe-jaar, gaan hy hierdie verbod verbreek. Ons lees daarvan in die Bybel in die hoofstuk van Daniël: *"[27] En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou;"*

As dit gebeur, gaan die Groot Verdrukking begin. Dis die laaste helfte van die drie-en-‘n-halwe jaar. Die wêreld leier gaan homself tot god verklaar en aandring dat die mense van die wêreld hom aanbid as god.

Hy gaan standbeelde laat oprig in elke dorp en mense gaan gedwing word om die standbeelde te aanbid of doodgemaak te word. As Kind van die HERE buig ons ons knieë voor net een en dit is JESUS CHRISTUS! Ons aanbid geen ander nie. Dit gaan beteken dat baie van julle gaan sterf, maar jy gaan sterf met jou siel wat aan JESUS behoort en daardeur gaan jy gered wees om ‘n ewigheid saam met Hom te spandeer!

Die wêreld leier en sy mense wat onder die mag van satan gaan staan, gaan mense probeer oortuig om hulle siele aan satan te verkoop. Hulle gaan dit op baie skelm en slinkse maniere probeer doen sodat mense nie besef wat dit is wat julle doen voor dit nie te laat is nie. Moet asseblief nie luister wat hierdie mense sê nie, want dit is alles leuens!

Op soortgelyke wyse gaan hulle julle probeer oorreed om ‘n nuwe identifikasie stelsel uit te probeer. Hulle gaan jou oorreed om ‘n mikroskyfie onder jou vel te laat inplant, in jou hand of op jou voorkop. Die prosedure gaan pynloos wees, maar dan gaan jy ‘n ware lid van die een wêreld stelsel wees, of dit is wat hulle gaan sê. Wat jy ook al doen, MOENIE DAARDIE MERK AANVAAR NIE! As jy dit doen, gaan jy vir ewig vir God verlore wees.

In Openbaring 14:9-11 staan: *"[9] En ‘n derde engel het hulle gevolg en met ‘n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, [10] sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. [11] En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang."*

Wat julle ook al doen, mense, moenie die wêreldleier of sy beeld aanbid nie, maar nie saak wat hulle sê hulle aan jou gaan doen nie! Om te sterf vir dit wat jy in glo mag miskien skrikwekkend wees,

maar dit gaan niks wees in vergelyking met ‘n ewigheid in die hel en om dag en nag gepynig te word met vuur en swael nie! Die dood gaan vinnige wees en u gaan ‘n ewigheid saam met God wees om nooit weer honger te word, dors te kry of verdriet te voel nie.

Hoe om te oorleef.

In Openbaring 13:7 lees ons: *“Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.”* Dit beteken dat daar ’n groot vervolging van Christene gaan kom baie kort na die wegraping. Die wat die HERE aangeneem het na die wegraping gaan ander oortuig dat die wêreld leier nie is wat hy voorgee om te wees nie en dit gaan vir hom ‘n baie groot bedreiging wees. Hy gaan probeer om so veel as moontlik te laat doodmaak, maar hy gaan nie heeltemal daarin slaag nie.

Ons lees daarvan in Openbaring 12:13-17: *“[13] En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; [14] maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, ‘n tyd en tye en ‘n halwe tyd. [15] En die slang het uit sy bek water soos ‘n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. [16] En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. [17] En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.”*

Moenie op u eie in hierdie tyd probeer oor die weg kom nie. As u tot bekering gekom het, soek dan ander mense wat ook Kinders van God is uit. Moet ook niks doen sonder die wil van die HERE nie. Vra die HERE se hulp met alles wat julle wil doen. Maak soos die dissipels van ouds. Hulle het die lot gewerp met ‘n muntstuk. Afhangende hoe die muntstuk geval het, het hulle gedoen of gelos.

Onthou, want ook al gebeur, as jou siel aan die HERE behoort, het jy niks om voor bang te wees nie. Jy gaan lewe, selfs al sterf jy. Prys die HERE!

Mag die HERE julle bewaar en seën!

Jesus liefde en groete!